Laerskool Lynnwood
Hoop • Glo • Dien

# LYNNIES BEELD

ONS EIE WEEKLIKSE NUUSBLAD

www.lynnwoodlaer.co.za
Tel: 012 348 1306 / 012 348 8894 | admin@lynnwoodlaer.co.za | Posbus 74929, Lynnwoodrif, 0040

Kwartaal 3: Nommer 10 – 26 September 2025

## A L G E M E N E OUERVERGADERING

***Algemene Ouervergadering op Woensdag, 22 Oktober 2025 om 18:00 in die skoolsaal.***

***Agenda:***

***Opening en Verwelkoming***

***Skoolverslag***

***Begroting 2026***

***Vrae + Goedkeuring***

***Afsluiting***

- **Ouers is welkom om insae in die begroting te lewer, deur meneer Stolk te kontak.**
- **Om 'n kworum te bereik, is dit baie belangrik dat ouers dié vergadering bywoon.**

## AKADEMIE

### NOORD-GAUTENG SENIOR WETENSKAP EKSPO

Die saal by Maragon Mooikloof het op Vrydag, 19 September en op Saterdag, 20 September behoorlik geleef met die gees van nuuskierigheid en kreatiwiteit toe jong wetenskaplikes hul idees by die Noord-Gauteng senior wetenskap ekspo uitgestal het. Die Lynnies het puik presteer. Van links na regs. Ferdinand Vermooten ontvang 'n silwer toekenning, Monique Hogewind ontvang 'n silwer toekenning en 'n spesiale toekenning vir die beste wetenskaplike taalgebruik in afrikaans en Andria Venter ontvang 'n goue toekenning.
Ons is ongelooflik trots op julle drie.






Die graad 7's het in Skeppende kunste pennesakkies ontwerp en gemaak met 'n ritssluiter. Ons is baie trots op hul handewerk.



# SPORT

## Bergfietspret by Grootfontein Bikepark 🚴

Op 20 September het ons leerders aan 'n opwindende bergfietswedren deelgeneem by **Grootfontein Bikepark**. Die leerders van graad R tot graad 7 het hul kragte gemeet op die uitdagende roetes en het met groot entoesiasme en sportmanskap gery. Dit was heerlik om die spanpoging, geesdrif en deursettingsvermoë van elke deelnemer raak te sien.

'n Groot dankie aan al die ouers wat kom ondersteun en bygestaan het. Ons is trots op almal wat die skool se naam so mooi verteenwoordig het!

**Resultate:**

<u>Sub Nipper (7- 8 jaar):</u>
Charlie van Rensburg 3de plek
Xander Parsons 5de plek.
Eben Strasheim 16de plek
Taylor Vlotman 36ste plek
Elijah van Zyl 79ste plek

<u>Nipper (9 – 10 jaar):</u>
Rupert Weideman: 5de plek
Lana Weideman: 10de plek
Caylem van Nieuwenhuizen: 42ste plek
Michael Manthey: 44ste plek

<u>Sprogs (11-12 jaar):</u>
Quinton Engelbrecht: 15de plek
Lienke de Klerk: 21ste plek

<u>Sub Junior (13 -14 jaar):</u>
Isabella du Toit 5de plek
Zelda Engelbrecht 8ste plek
Liani Kruger 25ste plek
Dawid Muller 58ste plek



























## KRIEKET

Lynnwood het die laaste 2 weke liga krieket teen Laerskool Wierdapark en Constantia Park gespeel. Volgende week is inhaal wedstryde asook interne wedstryde. Hou asseblief die onderskeie krieket WhatsApp groepe dop vir inligting

<u>Volgende week se bepalings</u>:

| | | |
|---|---|---|
| Maandag<br>29 September 14:00 | 0/10A vs CP as 24/9 uitreën | Lynnwood |
| Maandag<br>29 September 14:00 | o/11A vs CP as 24/9 uitreën | Pro CP |
| Maandag<br>29 September 14:00 | 0/12A vs Wierdapark | AttSport A |
| | | |
| Dinsdag<br>30 September 14:00 | o/12A vs Wierdapark o/12A | Lynnwood |
| Dinsdag<br>30 September 14:00 | o/11A vs Hennopspark o/11A | Hennopspark |
| | | |
| Woensdag<br>1 Oktober 14:00 | o/8 Blou vs o/8 Rooi | AttSport A |
| Woensdag<br>1 Oktober 14:00 | o/8 Wit vs o/8 Groen | AttSport B |
| Woensdag<br>1 Oktober 14:00 | Interne o/9 BASH | Lynnwood |
| Woensdag<br>1 Oktober 17:45 | Bev Krieket Gr R en Gr 1 en dogters 2de span | Lynnwood |
| | | |
| Donderdag<br>2 Oktober 14:00 | o/13B span na Merchiston 1ste span krieket fees | Merchiston |
| | | |
| Sondag<br>5 Oktober 16:00 | 2de span en o/11A na Paarl Gymnasium Krieket Fees | Paarl Gymnasium |

## OUERLEIDING




### Is my kind 'n leier?

Ons graad 6 kinders het sopas teruggekeer van 'n suksesvolle veldskool ter voorbereiding van leier-verkiesings aan die begin van die vierde kwartaal. Leierskap is nie iets wat oornag aangeleer word nie. In ons skool word leierskap ook tydens die graad 7 jaar verder ontwikkel in verskillende graad 7 rade om ons kinders met selfvertroue Hoërskool toe te stuur. Hoewel leierskapsvaardighede in baie gevalle natuurlik kom, kan kinders ook belangrike lesse op hul lewensreis leer wat 'n aansienlike impak op hulle toekoms kan hê. Die regte woorde op die regte tyd kan inderdaad 'n groot verskil maak.

**<u>Hoe kan ouers leierskapvaardighede by kinders kweek</u>?**

**Wees 'n goeie voorbeeld:** As 'n leier besef jy die belangrikheid daarvan om 'n goeie voorbeeld vir jou span te wees. Dit is egter nog meer belangrik in jou rol as ouer. Deur doeltreffende leierskap leer jy jou kinders hoe om verantwoordelik te wees. As jy jou kinders toelaat om te sien hoe goed jy jou besigheid en persoonlike lewe balanseer, leer jy hulle om verantwoordelik te wees, omdat jou doeltreffende leierskap vir hulle as voorbeeld dien.

**Moedig spanaktiwiteite aan:** Probeer om van vroeg af jou kind se belangstellings te identifiseer en moedig hulle aan om aan groepsaktiwiteite deel te neem. Hierdie groepsaktiwiteite kan skolesport soos rugby, hokkie of netbal wees, of deelname aan die skoolkoor. Hierdie soort aktiwiteite leer vir kinders waardevolle lesse oor spanwerk.

**Oefen om met selfvertroue te kommunikeer:** Neem jy jou kind se bestelling vir hom wanneer julle by 'n restaurant eet? Jy kan 'n gewone maaltyd gebruik as 'n geleentheid waar selfvertroue gekweek word, deur toe te laat dat jou kind self met die kelner praat en sy eie bestelling plaas. Direkte kommunikasie met die kelners sal kinders help met die bou van selfvertroue en hulle leer hoe om te kommunikeer oor dit wat hulle nodig het.

**Hou 'n gesinspeletjiesaand:** In plaas daarvan om die hele aand voor jou selfoon of televisieskerm te sit, oorweeg eerder 'n bordspeletjie-aand. 'n Gesinspeletjie-aand bied nie net 'n spesiale geleentheid om as gesin tyd saam deur te bring nie, maar dit help ook kinders om te leer hoe om pret te hê, volgens die reëls te speel en strategies te dink.

**Maak gebruik van 'n visiebord:** 'n Prettige wyse om kinders te leer van doelwitstellings is om gebruik te maak van visieborde. Hulle sal dit geniet om prentjies uit te knip en dit op die bord te rangskik. Deur die proses sal hulle leer hoe om die doelwitte wat hulle wil bereik te visualiseer.

**Vind 'n mentor:** Al is jy 'n goeie voorbeeld vir jou kind, kan 'n mentor vir jou kind van onskatbare waarde wees. 'n Vriend of familielid wat jy vertrou kan 'n wonderlike mentor wees, veral as daardie persoon dieselfde belangstellings as jou kind het.

**Beloon optimistiese denke:** Die feit dat optimisme verbind is aan sukses moet nie verlore gaan in jou gesin nie. Beloon optimisme, veral wanneer dit gepaardgaan met die poging om 'n doel te bereik.

**Beklemtoon deursettingsvermoë:** Die beste leiers leer hoe om mislukking net so goed soos sukses te hanteer. Dit is belangrik om toekomstige leiers aan teleurstellings bloot te stel, eerder as om hulle daarvan te probeer beskerm. Teleurstellings is immers deel van die lewe.

**Vermy dit om net in te spring:** Wanneer jou kind aan 'n projek of aktiwiteit werk, is dit maklik om aan die versoeking toe te gee om in te spring en te help – veral as jy sien dat hulle met iets sukkel. Oorweeg om eerder terug te staan en jou kind toe te laat om self daardeur te werk. Jy kan wel die struikelblokke en uitdagings wat opduik resenseer terwyl die taak vorm aanneem en jy kan jou kind aanmoedig om idees te deel en vir hulle makliker maniere te wys om dinge te doen.

**Moedig lees aan:** Studies het die voordele wat lees vir pret gedurende kinderjare vir 'n persoon inhou bewys. Kinders wat lees, toon groter intellektuele vooruitgang in 'n verskeidenheid van vakke. Jong lesers is geneig om meer van die wêreld te leer, al is die leesstuk ligsinnig van aard.

Praat met jou kinders oor leierskap en verwagtinge. Hulle het ook nodig om te leer hoe om verlies te hanteer en om vorentoe te beweeg wanneer die ander span wen of wanneer iemand anders as spankaptein of dagbestuurslid gekies word. Dis vir 'n ouer net so sleg as jou kind nie gekies word vir 'n spesifieke groep of posisie nie, hoofsaaklik omdat dit gepaard gaan met 'n diepe teleurstelling en hartseer emosies. Wees egter positief en gee perspektief – dit is die eerste tree na emosionele volwassenheid en toekomstige leierskap.

## KULTUUR

### REDENAARS

**Spanredenaars KANSVATTERS!**
**NASIONAAL FINAAL**

Baie geluk aan Mienke Gremels, Cara Swanepoel, David McKechnie en Lynicke Pienaar in graad 4 wat 'n A+ ontvang tydens hul deelname aan KANSVATTERS! se nasionaal Finaal.

**Baie geluk aan die volgende spanredenaars wat met hul deelname aan KANSVATTER! Die top vier spanne nasionaal behaal het. Dit is 'n ongelooflike prestasie!**

Graad 1: Henry Miles, Lodewyk Swart, Lenard Steyn, Alex Minty as nommer 2.
Graad 4 – 5: Milla Lotz, Kara van Huysteen, Inger Nel, Marghite Vermootten as nommer 2.
Graad 4 – 5: Noah Hayes, Melanja Maasdorp Benjamin Ströfeldt, Lumé Botha as nommer 3.
Graad 6 – 7: Kyle Hudd, Liebe Nel, Abigail Ridgard, Milla Roux as nommer 2.

**Individuele redenaars KANSVATTERS!**
**NASIONAAL FINAAL.**

Baie geluk aan Ayva Potgieter in graad 7 wat 'n eerste plek behaal het in KANSVATTERS! se Nasionaal Finaal vir haar motiveringstoespraak en 'n derde plek behaal het met die onvoorbereide toespraak.
Ayva hou aan praat!

**ATKV DIGISPANPRAAT: Baie geluk aan die volgende spanne met hul uitstekende uitslae!**

Graad 1:
Wenspan - Stian van Wyngaard, Heinrich van der Vyfer, Milla Grove en Ameli van Niekerk. *Voor jy val op jou bas, maak jou skoenveters vas*! **A+**
Naaswenners - Lodewyk Swart, Lenerd Steyn, Henry Miles en Alex Minty. *Rugby is die belangrikste sportsoort*. **A**

Graad 2:
*Wenspan* - Isabella Krüger, Isabelle Schoeman, Nika Stander en Emily Strydom. *Enige tyd is 'n goeie tyd vir pret*. **A+**
*Naaswenners* - Willem-Christian Steyn, Noah Steyn, Bouwer van Aardt en Danelo de Kock *Pasop! Die vloer is lawa!* **A+**

Graad 3:
*Wenspan* - Malan Müller, Rikus Geertsema, Cara Wagenaar en Sibella van der Vyver. *Om te deel laat jou lekkerder speel*. **A+**
*Naaswenners* - Zahn Potgieter, Charlotte Oelofson, Justin Vlotman en Ivan du Toit. *Kaalvoet en kleingoed kos niks!* **A+**

Graad 4:
*Naaswenners* - Seline van Nieuwenhuizen, Caylem van Nieuwenhuizen, Sophia Swart en Gerhard Swart *Dubbeldoor tweelinge*: "Dubbel die breins, dubbel die opinies, dubbel die drama!" **A+**
*Derde plek* - Mienke Gremels, Cara Swanepoel, Lynicke Pienaar en David McKechnie. *Kinders se realiteitsprogram kan ouers beter leer as ouerhandleidings*. **A+**

Graad 5:
Derde plek - Meoné Grobler, Danru Bosch, Jana-Marié van Heerden en Mieke Theron.
*Ma's het regtig oë agter hulle koppe*. **A+**

Graad 7:
Wenspan - Laché Venter, Kirsten Swanepoel, Sebentile Sibandze en Eulyla Marais *"Moenie vrees, meisiewees is 'n absolute fees!"* **A++**

Indien u nie op die redenaarsgroep is nie gebruik die volgende skakel daarvoor.  Let wel: Spanredenaars-lede moet ook op die redenaargroep wees.
https://chat.whatsapp.com/Giv7v6DW7Pv58QG2TrQDJ8

**Redenaargedagte vir die week:**
*"The only fear we have to fear is fear itself.* – Franklik  D.

**DRAMA**
Baie geluk aan Melanje Maasdorp wat tydens die Con Spirito die volgende prestasies behaal het.

Nasionale Item Wenner in:

| | |
|---|---|
| *Dramatised Poetry* | 99% |
| *Undramatised Poetry* | 98% |
| Stilstaan Poësie | 99% |
| Gedramatiseerde Poësie | 97% |

Melanje is ook aangewys as Nasionale kategoriewenner vir drama in Laerskole.




## KUNSTE AKADEMIE

**DRAMA**
Baie geluk aan juffrou Carli se dramaleerders met hulle pragtige uitslae by die Ilze Grové Onvoorbereide Fees!

Hulle behaal 14 A++'e en 12 A+'e.

**MODERNE DANS EN HIP-HOP**
Ons Moderne Dans en Hip-Hop leerders het verlede week groot pret gehad met 'Disco' week!
Dankie aan juffrou Tasha, juffrou Clarissa en meneer MJ dat julle altyd die klasse vars en opwindend hou!

Foto: *'Disco' dansers*





# KASKARDAG

**Lynnies se Kaskar en familiedag was groot pret vir ons ouers, leerders en onderwysers!**





# DAGBESTUUR

**Die Dagbestuur wens die hoof van Heideland kleuterskool geluk met haar verjaarsdag.**



## BUITE-KURRIKULêRE PRESTASIES

### A+ Studente Nasionale kampioenskappe

Op **11 Oktober** vind die **19de A+ Students Nasionale kompetisie** plaas, waaraan **330 studente van regoor Suid-Afrika** gaan deelneem.

Ons is trots dat **Zander de Swardt** gekies is om in sy **Provinsiale Gauteng kleure** deel te neem – 'n erkenning wat hy verwerf het op grond van sy uitstaande prestasies tydens die Streekskompetisies wat in Mei en Junie vanjaar aangebied is.

| Naam van leerder | Eksamen-vlak | Graad | Provinsiale Kleure |
|---|---|---|---|
| Zander de Swardt | 6th Kyu | 6 | Gauteng kleure |
| Zara Stevenson | 6th Kyu | 7 | - |
| Markus Ehlers | 8th Kyu | 3 | - |
| Clarise de Swardt | 9th Kyu | 4 | - |

## *OLD SCHOOL* ONDERSTEUNERSTRUI




## OMGEERAAD




***DIE GRAAD 7'S BRAAI! ALMAL LYK TOG TE FRAAI EN KUIER LEKKER OM DIE BRAAIVLEISVUUR.***












## PERSONEELVERJAARSDAE

**OKTOBER**

| | |
|---|---|
| 1 | Elisma Schroëder (o/w) |
| 3 | Estie van Wyk (pre-prim) |
| 10 | Keagan Fourie (intersen. ass) |
| 11 | Nicola Jansen (o/w) en<br>Mareli du Toit (pre-prim ass) |
| 12 | Morné Emery (o/w) |
| 20 | Chloé Avenant (pre-prim ass) |
| 29 | Ané Swart (pre-prim ass) |
| 31 | Quewy de Jager (pre-prim) |

## 2025 EN 2026 SKOOLKWARTALE

**2025**

Kwartaal 3: Skool sluit Vrydag, 3 Oktober
Kwartaal 4: 13 Oktober tot 10 Desember

**2026**

Kwartaal 1:14 Januarie tot 27 Maart
Kwartaal 2: 8 April tot 26 Junie
Kwartaal 3: 21 Julie tot 23 September
Kwartaal 4: 6 Oktober tot 9 Desember

## LYNNIES BIDGROEP




BID VIR LYNNIES
Woensdae 07:25 voor die hoofhek, of in juffrou Ilsé se kantoor. Kontak Anlia 082 927 1020

**Steve Stolk**
**UITVOERENDE HOOF**



# Otto Bach klavier te koop

Pragtige klank
en plesier om te speel
R8000

Kontak: Helena Landskron

082 3099111 - Whatsapp asseblief










